Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER

Januarie 2026



"By mense is dit onmoontlik,
maar by God is alles moontlik..."
MATTEUS 19:26

# JANUARIE

## NOORD-KOREA

**1 Januarie**

Hou aan om saam met ons vir Kim Jong Un en sy familie te bid – veral vir sy dogter, Kim Ju Ae, wat deur die meeste mense as sy opvolger beskou word. Vra vir God om die onmoontlike te doen in die nuwe jaar en daarna.

**2 Januarie**

Evangelis Cho* stap gereeld deur die bergagtige woude wat aan Noord-Korea grens. Hier loop hy vlugtelinge uit Noord-Korea raak en help hulle terwyl hy die Evangelie met hulle deel. "My doel in die lewe is om siele te red," deel hy. Bid saam met ons dat God meer leiers sal toerus.

**3 Januarie**

Die geloofsgemeenskappe in Noord-Korea kom gewoonlik in klein groepe, wat uit families of vriende bestaan, bymekaar. Bid dat God hierdie mooi uitbeeldings van sy Kerk sal beskerm.

## SOMALIË

**4 Januarie**

Somalië is een van die gevaarlikste plekke om Jesus te volg. Die ekstremistiese Islamitiese groep, al-Shabaab, teiken enigiemand wat hulle vermoed ŉ Christen is. Bid vir skuilplekke en veiligheid vir hierdie klein groepies gelowiges.

**5 Januarie**

Bid vir jou Somaliese broer, Aweis Ali, wat elke dag die lewe-of-dood-besluit neem om Jesus te volg. "Dit kan regtig my lewe kos," sê hy.

**6 Januarie**

Somalië is ŉ getraumatiseerde nasie, en nog meer só vir Christene soos Aweis. Bid dat God se Gees in hulle sal werk en dat Hy genesing vir hul gemoedere en op ŉ geestelike vlak sal bring.

> "My keuse kan my lewe kos."
>
> —AWEIS ALI

## ERITREA

**7 Januarie**

Baie Christene is vasgevang in Eritrea se bekende gevangenisstelsel. Sommiges word aangehou net omdat hulle hul geloof uitleef. Bid dat hulle sal aanhou hoop en uiteindelik vrygelaat sal word.

*ŉ Somaliese Christen, Aweis Ali.*



**Name verander weens veiligheidsredes.*

**8 Januarie**

Bid vandag vir die sewe pastore in Eritrea wat weens hul geloof gevange geneem is: Dr. Futsum Gabrenegus, ds. Gebremedhin Gebregiorgis, dr. Kuflu Gebremeskel, ds. Million Gebreselassie, ds. Halie Naziga, ds. Kidone Weldou en dr. Tekieab Menghisteab.

**9 Januarie**

Eritrea word deur ŉ brutale diktatorskap regeer. Bid dat president Afwerki se hart van verdrukking na ŉ liefde vir Jesus sal verander.

## NIGERIË

**10 Januarie**

Dit blyk dat die geweld in noordelike Nigerië nooit gaan ophou nie. Vra God om vrede in hierdie land te bring. Die afgelope jaar is duisende Nigeriese Christene uit hul huise ontwortel.

**11 Januarie**

Bid vir Christen-weduwees soos Grace*. Sy moes toekyk hoe ekstremiste haar man aanrand en doodmaak omdat hy ŉ pastoor was. Bid vir genesing, vertroosting en krag. Bid dat hierdie weduwees aan Jesus sal vashou.

**12 Januarie**

Bid dat die Nigeriese regering alles moontlik sal doen om mense teen geweld te beskerm. Vra God om in beide die regeringsamptenare en mense wat die geweld veroorsaak, se harte te werk.

## AFGANISTAN

**13 Januarie**

Bid vir die Christene in Afganistan wat steeds volhard ten spyte van die Taliban wat die afgelope vier-en-ŉ-half jaar regeer. Vra God om sy mense te beskerm en aan hulle ŉ gees van hoop en vrede te gee.

**14 Januarie**

Bid saam met Aisha*, wat Jesus in ŉ droom ontmoet het en die Islam-geloof verlaat het om Hom te volg. Sy vra: "Bid asseblief dat ons baie dissipels sal toerus en dat die aantal volgelinge van Christus regoor ons land sal toeneem."

**15 Januarie**

Bid dat God die Taliban-leiers se harte sal verander. Vra God om hul ingesteldheid teenoor Christene en ander geloofsminderhede te versag.

## IRAN

**16 Januarie**

Ná afloop van die oorlog met Israel, rapporteer baie Christene in Iran dat hulle selfs nog strenger behandeling van die owerhede ontvang. Bid dat God die spanning sal verlig. Geheime kerke groei! Hulle is egter altyd in gevaar.

**17 Januarie**

Bid vir die gelowiges wat alles waag om bymekaar te kom en te aanbid. Die aantal kerkleiers wat die afgelope jaar in Iran gevange geneem

*ȟ Vroue-gebedsgroep in Iran.*



is, het die hoogte ingeskiet. Bid vir hul vrylating en die Heilige Gees se vertroosting.

**18 Januarie**

Bid saam met Shima*, wat die pyn van misleiding eerstehands ervaar het. Sy is deur iemand in haar huiskerk verraai wat die owerhede van hulle vertel het. Shima gaan voort om die bediening te lei. Vra God om haar vertroue te herstel.

## JEMEN

**19 Januarie**

Jemen is steeds ȟ land wat uitmekaar geskeur word en deur geweld geteister word. Bid dat hierdie land in die Arabiese Skiereiland uiteindelik vrede sal ervaar.

**20 Januarie**

Die klein aantal gelowiges in Jemen groei, maar elkeen van hierdie gelowiges staar elke dag die gevaar van geweld en selfs die dood in die gesig. Bid vir hulle vir moed en hoop.

**21 Januarie**

Khaled* het Jesus deur ȟ aanlyn bediening ontmoet. Bid dat God meer gelowiges soos hy sal toerus om die Evangelie te verkondig. "Bid vir die gelowiges in Jemen, dat hulle in hul geloof sal groei en dat al die mense in Jemen Jesus sal leer ken," sê hy.

## LIBIË

**22 Januarie**

Die geweld wat Libië se hoofstad, Tripoli, in 2025 geskud het, is ȟ duidelike herinnering aan die land se onstabiliteit. Bid vir vrede en dat daar ȟ sentrale regering sal kom wat wet en orde kan herstel.

**23 Januarie**

Bid vir geregtigheid vir elf Christen-bekeerlinge wat onlangs vir beweerde oortredings gevange geneem is. Hoewel hulle die reg het om te appelleer, toon die oorspronklike uitspraak die enorme risiko's wat Christene vandag in die gesig staar.

**24 Januarie**

Bid vir krag vir die gelowiges wat langtermyn-tronkstraf

 **Name verander weens veiligheidsredes.*

uitdien. Bid dat hul appèlle tot vryspraak en vrylating sal lei.

**25 Januarie**

Daar is net ŉ paar Christene in Libië. Indien hulle ontdek word, kan hulle teikens wees. Bid vir hierdie gelowiges dat hulle Jesus in veiligheid sal kan volg.

## SOEDAN

**26 Januarie**

Die brutale burgeroorlog in Soedan duur voort. Vra God vir ŉ vreedsame oplossing en dat die Kerk in hierdie oorlog die vredemakers sal wees.

**27 Januarie**

Bid dat die Christene in Soedan versigtig as sout en lig kan leef en kan wys dat Jesus se vrede die beter weg is om te volg.

**28 Januarie**

Bid vir die Kerk in Soedan se toekoms en vir wysheid vir die leiers. Selfs al sou die strydende partye ŉ vreedsame oplossing bereik, is nie een van hulle goedgunstig teenoor die Kerk nie.



## PAKISTAN

**29 Januarie**

Bid vir die Christene wat onregverdig van Godslastering beskuldig word. Vra dat God hulle sal help om gevangenisstraf of burgerlike "geregtigheid" vry te spring.

**30 Januarie**

Baie Christene in Pakistan word gedwing om nietige werk te doen omdat hulle Christus volg. Bid dat hierdie gelowiges sal vasstaan in hul geloof en sal onthou dat hulle waardevol in God se oë, en vir die land se ekonomie, is. Bid vir ŉ beduidende verandering in Pakistan se samelewing.

**31 Januarie**

Die onlangse konflik tussen Pakistan en Indië vul gelowiges van beide lande met vrees. Dank God dat die wapenstilstand nog hou en bid dat God se volmaakte vrede sal heers.

**Verteeenwoordigende name en foto's gebruik vir sekuriteitsredes.*

Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129